Woensdag 10 Augustus

Skrifgedeelte: Romeine 14:1-12 (1983-vertaling); HK Sondag 19, Vraag 52
Fokusgedeelte: Romeine 14:9

Christus is Here van die dooies en die lewendes

Selfs wanneer mense onderling verskil en mekaar veroordeel, is Jesus se hemelvaart belangrik. Dit is so eie aan die mens se sondige aard om ’n stryd te voer oor dit wat ek mag eet, wat ek mag aantrek en watter dag belangrik is. Instede daarvan om te twis, moet ek leef en optree tot eer van God. Alles word hierby ingesluit – ook lewe en dood.

Teenoor die valse veronderstelling dat my doen en late net tot my lewe op aarde beperk is, beklemtoon Romeine 14:9 dat Christus Here is van die dooies en die lewendes. Dit is God se bedoeling dat Christus se verlossingswerk volkome en volledig moet wees. Daarom stel Paulus dit duidelik dat ons nie mekaar moet veroordeel nie, maar dat Christus juis opgevaar het om as Regter finaal te oordeel. Dit is die doel van ons Here se hemelvaart. As Heerser het Christus van God die mag oor lewendes en dooies ontvang.

So word ons onderlinge verhoudinge en verskille met die opstanding van Christus in verband gebring. Deurdat Hy gesterf het, maar ook opgestaan het, word Hy deur God verheerlik en verkry Hy die mag oor lewe en dood. As Christen het ek dan sekerheid dat Hy alle vervloekinge van my weggeneem het. Hy werp al sy en my vyande in die verdoemenis. Dit is ’n geweldige prys wat betaal is voordat Christus in die hemel opgeneem is.

Nou word ons opgeroep om te bely dat die HERE God is en dat elke knie voor Hom sal buig. Hiervan sal Christus, wat Here is van die lewendes en die dooies, van jou rekenskap vra.

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2

Ds. PJ (Petrus) van Blerk (Rietvallei)